praat saam...

# By wyse van Spraak

**MARINÉ JACOBS**

Monita Will is 'n doodgewone ma, met 'n buitengewone verhaal. As ma van 'n kind met spesiale behoeftes, moes sy baie uitdagings en probleme hanteer en oorkom. Maar dit was beslis nie verniet nie, want vandag is sy 'n lig in die donker vir talle ouers en kinders.

Toe Monita tien weke swanger was, het sy Duitse masels opgedoen. Die dokters het haar aangeraai om eerder die swangerskap te beëindig as gevolg van verskeie mediese risiko's soos doof- en blindheid en onderontwikkeling van die brein en hart wat hulle in die gesig gestaar het. Monita het egter haar vertroue in God geplaas en Ethan is op 37 weke gebore – doof en serebraal gestremd. Vanaf geboorte was daar verskeie uitdagings wat sy saam met Ethan moes oorkom – 'n onsuksesvolle gehoorapparaat op drie maande, gereelde sessies by die fisioterapeut, 'n maand op 'n ventilator en uiteindelik 'n kogleêre inplanting toe hy 2 jaar en 6 maande oud was.

Ethan het twee jaar lank aan die Carel du Toit skool vir Dowes in Kaapstad skoolgegaan en later aan die De la Bat-skool vir Dowes op Worcester. Monita het begin om gebare te gebruik om met Ethan te kommunikeer. Sy het aanvanklik klasse bygewoon en het later 'n werk by die Nasionale Instituut vir Dowes gekry, waar sy meer kon leer. Sy was verstom om te sien hoe doeltreffend hierdie manier van kommunikasie was. Ethan het só goed ontwikkel dat Monita hom graag in 'n horende skoolomgewing wou plaas waar die skool steeds sy fisieke gestremdheid kon akkommodeer. Nadat sy van die Martie du Plessis skool vir kinders met spesiale behoeftes gehoor het, het sy na Bloemfontein verhuis. Hier het sy begin navorsing doen oor gebare vir babas en kinders met spesiale behoeftes. En net daar is Tiny Handz gebore.

Monita vertel dat gebaretaal nie net help om kommunikasie te bevorder nie, maar ander voordele ook inhou. "Kinders wat met spraak en taal sukkel, toon dikwels negatiewe sosiale gedrag soos aggressie, angstigheid en woedeuitbarstings omdat hulle nie hul basiese behoeftes kan kommunikeer nie. Gebare kan hierdie frustrasie aansienlik verlig." Aangesien die hand-oog koördinasie vinniger ontwikkel as artikulasie, kan eenvoudige gebare al van 6 maande af aangeleer word. Baie ouers is onder die wanindruk dat die leer van gebare jou kind se normale taalontwikkeling sal stuit. Inteendeel, dit moedig juis vroeë kommunikasie aan. Kinders is nie net ouditiewe leerders nie, maar leer ook deur die visuele en kinetika. Met die gebruik van gebaretaal word alle leerstyle betrek.

Ouers met gehoorgestremde kinders of kinders met spraakprobleme kan ook ongelooflik baat vind by Tiny Handz klasse. Tydens klasse word basiese gebare opgedeel in kategorieë, bv. diere, kleure, emosies, kos, familie, ens. Klasse word in beide Afrikaans en Engels aangebied.



*Besoek www.tinyhandz.co.za vir meer besonderhede of kontak Monita Will by 082 218 7339 of contact@tinyhandz.co.za vir enige navrae.*

*Edited and compiled by Anneline Bezuidenhout*